GEREED OM DIE MARKPLEIN TE INFILTREER ?

Die leefwêreld van ons lidmate het in die laaste dekade dramaties verander. Ons leef in 'n verbruikerskultuur waar ons gewoond is aan mega-inkopiesentrums, internet, webtuistes, gespesialiseerde konsultante en dienssentrums wat aan elke denkbare behoefte kan voorsien.

Globalisering, sekularisasie en die post-modernistiese gees het die invloed van die kerk op die samelewing verskraal en kerke gemarginaliseer. Sekere lidmate bevraagteken die waarheid en is op hulle eie spiritualiteitsreis buite die kerk. Gemeentes het te kampe met ouerwordende lidmate, getalle wat krimp en nuwe ontwikkelings-areas wat gemeentes oorweldig.

Dit veroorsaak dat al meer programme en metodes waarop die kerk vroeër staatgemaak het, oneffektief geraak het. Die kerk staan voor een van die ,mees dringende en radikale bedieningsuitdagings. Ons kan nie slegs nuwe wyn in ou sakke gooi nie. *" Nuwe wynsakke"* sal gesoek moet word, indien die kerk relevant wil wees en bly.

IMPAK OP DIE OMGEWING

Kerke kan nie langer apart van gemeenskappe staan nie. Die kerk moet na mense uitreik waar hulle is en in 'n taal kommunikeer, wat hulle verstaan en wat vir hulle sin maak. Die kerk moet behoeftes aanspreek wat hulle leefwêreld raak.

Vlg Wagner is die verskil tussen 'n tradisionele en gestuurde kerk die volgende: "……..We are seeing a transition from *bureaucratic* authority to *personal* authority, from *legal* structure to *relational* structure from *control* to *coordination* and from *rational* leadership to *charismatic* leadership. "

Dit sou in praktyk beteken dat gemeentes se strukture eenvoudiger moet wees, en so lidmaatbetrokkenheid aanmoedig. Verder sal gemeentes ook moet leer om by " nie-geestelike sake" wat die gemeenskap dien, betrokke te raak. Ons moet beweeg van 'n verbruikers-ingesteldheid na 'n diens-ingesteldheid. Deur byvoorbeeld te help met die oprigting van robotte by oorgange vir kinders, die oprig van 'n kleuterskool of die veilige oornagplek vir vragmotorbestuurders maak die kerk 'n verskil aan wesenlike sake wat die gemeenskap raak.

Die getuienis oor die eerste gemeente in Handelinge is : Daar is elke dag nuwe lede by die gemeente gevoeg en " Die hele volk was hulle goedgesind. " Die gemeente het 'n impak op die omgewing gemaak!!!!

UNIEKE BYDRAE

'n Kerk wat alleen deur predikante en 'n paar kerkraadslede in stand gehou word, was nog nooit 'n Bybelse visie vir die kerk nie. **ELKE** lid van die liggaam is nodig om effektief te werk. Die liggaamsmodel is vir baie jare in die kerk verwaarloos. Die predikant se bedieningsprioriteit sal moet verander vanaf die versorging van die kudde na die noodsaaklike geestelike toerusting sodat *elkeen* sy gawes gewillig en met vreugde kan aanwend.

Die gemeente is dié plek waar lidmate opgelei en geestelik versterk word sodat hulle lig en sout in die wêreld kan wees. Gemeentes wat in die ware sin van die woord kerk is, maak seker dat hulle met verantwoordelike lidmaatbemagtiging en –opleiding besig is.

VAN UITNOOI NA INFILTREER

Die kerk as liggaam van Jesus Christus het dus 'n veel groter taak as om na haar eie welstand en voortbestaan om te sien! Davida Crabtree beweer: "*An incarnational theology of ministry affirms that the Body of Christ is at work wherever its members are at work."*

Jesus het die dissipels nadat hy hulle toegerus het, gestuur met die opdrag: " Soos die Vader my gestuur het stuur ek julle" (Joh 20:21-22) God stuur sy kinders vandag steeds met hierdie opdrag na die markplein.

Lidmate moet in die wêreld waar hulle werk, speel, kuier en saamwoon, nood raaksien, omgee, troos, bemoedig en lewens met hulle gawes aanraak. Die vrug van die Gees moet sigbaar word in hulle voorbeeld, gedrag en besluite in raadsale. Gelowiges moet God se liefde aan die wêreld sigbaar maak.

God vra dat ons sal beweeg van ‘n kerk wat mense ***uitnooi*** na ‘n kerk wat ***infiltreer.*** Meeste predikante kom selde met ongelowiges in aanraking, maar gelowiges beweeg daagliks in die samelewing in. Hulle moet bemagtig word om God se verteenwoordigers te wees en verhoudings met medewerkers te bou (“…meet the unchurch”) . Jy word slegs die brugbouer na God deur jou liefdevolle verhoudings met mense.

Alhoewel gemeentelike dienswerk belangrik bly, word die gemeentes se “”sukses” al meer gemeet in die mate waartoe lidmate in staat is om hulle geloof in die gesin, gemeenskap en werkplek uit te leef. Lidmate moet dus nie net bemagtig word vir kerklike dienswerk nie, maar ook vir die markplein.

In die eerste gemeente was ‘n klein groepie mense wat in Jesus geglo het en die boodskap versprei het. Hulle het geen geboue, finansies of bronne gehad nie en was gewone mense, sonder sosiale status of invloed. Hulle is deur die apostels bemagtig en het na elke vlak van die samelewing infiltreer.

Die “nuwe wynsakke” is dalk juis die ontsluiting van lidmaatpotensiaal. Indien dit ontgin kan word, sal die Christendom ontplof en uit sy nate bars.